

Geloofsvertroue – die enigste pad

Paulus verduidelik aan die Romeine hoe die pad lyk wat God met die mens loop. God vestig sy koninkryk hier op aarde en die mens word deelgenote van sy koninkryksplan.

As voorbeeld word Abraham gebruik om aan te toon hoe God mense in sy koninkryk inbring. Die Here gee al die beloftes (Gen 12:20) waarin Hy wys hoe groot Hy Abram en sy nageslag sal maak. Hierdie beloftes kom Abram slegs toe omdat hy in God glo. Abram se geloof is 'n belydenis dat God alleen oor die vermoë beskik om alles weer nuut te maak.

Abraham lê dus sy hand in God se hand en trek gehoorsaam uit sy land uit weg. Sy dade wys duidelik dat sy verwagting op God gerig is. Hy doen wat God beveel, omdat hy glo wat God belowe. Abraham se optrede getuig dus nie van iemand wat probeer indruk maak deur 'n wet te gehoorsaam nie. Hy probeer nie vir hom persoonlik naam te maak deur 'n klomp reëls na te kom nie. Hy vertrou op God, want hy glo in God se beloftes. Hierdie geloofsoorgawe bepaal Abraham se lewensrigting.

Abraham het God met sy verlossing vertrou. Daar was geen ander pad nie. God het hom vrygespreek op grond van hierdie geloofsvertroue. Selfs al het Abraham nie die verlossing in Jesus Christus eeue later self beleef nie, was dit geloofsrealiteit in sy lewe. Hy het as 'n vrygespreekte en verlose mens gelewe en gesterwe.

Paulus wys daarop (Rom 4:24) dat dit wat Abraham ontvang het ook elke gelowige se deel is. Die koninkryk van God sluit alle ware gelowiges in – hulle wat regverdig voor God staan omdat hulle deel in die verlossing wat in Jesus Christus bewerk is.

Sing: Psalm 32:1, 6

Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)